# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *16* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A : BEGRIPSTOETSE

**Lees elke keer deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Vraag 1 : ARTIKEL

**Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.**

**TEKS A**

### UITGEKNIP VIR DIE KONINKLIKE KOLLIG



1. Skaars ses maande gelede was sy nog 'n aktrise in Toronto wat 16 uur lange skofte aan 'n TV-reeks gewerk het. Maar nou is sy die beroemdste aanstaande hertogin en het haar lewe soos handomkeer verander. Terwyl haar en prins Harry se troudag op 19 Mei vinnig nader, word Meghan Markle teen 'n blitsvinnige tempo deel gemaak van die koninklike familie.

2. 

As gewese ster van die TV-reeks, Suits, is die aantreklike donkerkop aan die kollig gewoond, maar om eensklaps 'n koninklike te word is 'n perd van 'n ander kleur. En tog is Megan glad nie in die skadu van haar verloofde nie. Sy is vol sjarme en selfvertroue en staan haar plek op die adellike verhoog met gemak vol: eintlik lyk dit asof sy gebore is vir die koninklike kollig.

3. Ons kyk na Meghan se voorbereiding op die groot dag en wat daarna op haar wag. Om feitlik oornag 'n koninklike te word is nie kinderspeletjies nie. Gelukkig het die toekomstige hertogin baie kenners wat met alles help; van haar dagboek tot haar wenkbroue. Amy Pickerill sal alles doen - van Meghan se dagboek reël tot haar

**briewe beantwoord. Geen taak is te groot of klein vir die vrou wat 'n graad in geskiedenis van die Universiteit van Nottingham agter haar naam het nie. Volgens die Daily Mail is Amy "uitgesoek" vir die rol. Edward Lane Fox kan haar 'n helpende hand gee met die kollig. Hy kom uit 'n aristokratiese familie en het Harry die eerste keer ontmoet toe die rooikopprins nog in die weermag was. Meghan is mal oor haar rol. Verlede maand het Meghan, 'n woordvoerder vir 'n Verenigde Nasies-drukgroep vir die bemagtiging van vroue, stil-stil 'n moskee in Londen besoek. Daar het sy slagoffers ontmoet van die Grenfell Tower-brand, wat in Junie verlede jaar 71 menselewens in die Britse hoofstad gekos het.**

4. **Soos Kate, is Meghan 'n regte ma-se-meisiekind. Sy sal sekerlik die hele tyd op haar ma, Doria Ragland, 'n joga-instruktrise, steun. Dié is nog in Los Angeles, maar sal binnekort by haar dogter in Londen aansluit. "Meghan praat gedurig met haar ma," vertel 'n bron. Sarah Chapman, bestuurder van Skinesis Clinic in Chelsea, is daar om haar vel vlekkeloos te hou. Haar kliënte sluit Victoria Beckham in.**

5. **Meghan moes haar hele lewe in Noord-Amerika agterlaat, haar loopbaan prysgee en koninklike protokol baasraak sodat sy Harry se vrou kan word. Maar sy het haar aanpassing selfs 'n stappie verder gevoer en haar in die Anglikaanse Kerk laat doop. Sy was 'n Protestant, maar het verander uit respek vir die koningin, hoof van die kerk. 'n Uitvoerende hoof en oud-assistent van die lyfwagfirma, Intelligent Protection International, sê Meghan sal militêre opleiding kry en die Koninklike Lugmag se Special Air Service (SAS) sal haar selfs in 'n simulasie kastig as gyselaar (hostage) hou. Koninklikes ondergaan ook opleiding oor hoe om in geval van nood sonder beskerming op te tree.**

6. **Meghan neem af en toe 'n blaaskans. Sy kyk na iets sinneloos op TV en drink 'n glas wyn. Sy hou daarvan om met haar honde op te krul. Balans is die wagwoord.**

**(Verwerk uit <u>Huisgenoot</u>, 5 April 2018)**

**1.1 Hoe lank gelede het Meghan nog gewerk? Haal drie opeenvolgende woorde aan as antwoord. (1)**

**1.2 Watter werk het Meghan gedoen? (1)**

**1.3 Haal vier opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê dat Meghan baie hard gewerk het. (1)**

**1.4 Gee die naam van (a) <u>die stad</u> en (b) <u>die kontinent</u> waar Meghan vandaan kom. (2)**

**1.5 Verduidelik wat op 19 Mei 2018 gaan gebeur. (1)**

**1.6 Watter beroemde familie gaan nou haar familie word? (1)**

**1.7 Haal twee aparte woorde uit paragraaf 2 aan wat vir ons sê dat Meghan klas het en sy nie bang vir uitdagings is nie. (2)**

**1.8 Kies die antwoord wat die sin korrek sal voltooi. Skryf net die nommer en letter as antwoord neer.**

**'n Kenner is iemand wat ...**

**A. baie mense ken.**
**B. baie van dinge weet.**
**C. 'n baie lang ken het.**
**D. goed is met die spel, kennetjie. (1)**

**1.9 Wat sal Meghan se titel wees as sy met Harry getroud is? (1)**

**1.10 Wat is die naam van die persoon wat Meghan met alles gaan help? Gee haar naam en van. (1)**

**1.11 Noem twee dinge wat die persoon in (1.10) vir Meghan sal doen. (2)**

**1.12 Haal drie opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê waarmee Edward Lane Fox vir Meghan gaan help. (1)**

**1.13 Haal een woord uit paragraaf 3 aan wat prins Harry sal beskryf. (1)**

**1.14 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte volgorde soos dit in die stuk voorkom.**

- **Meghan het van kerk verander.**
- **Meghan het die Grenfell Tower-brand slagoffers besoek.**
- **Meghan het in die TV-reeks, Suits, gespeel.**
- **Meghan en Harry trou.** **(4)**

**1.15 Verduidelik hoekom Meghan militêre opleiding sal kry?** **(1)**


**1.16 Noem een ding wat Meghan doen om te ontspan.** **(1)**

**[22]**

**<u>TEKS B: VISUELE TEKS</u>**

**Lees deur die volgende statistieke en beantwoord dan die vrae wat volg.**

## Waar werksoekers sal gaan werk soek




**Wie wil in SA kom werk**

| RANG | LAND | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 1 | Ivoorkus | 52 |
| 2 | Kameroen | 52 |
| 3 | Ghana | 49 |
| 4 | Nigerië | 37 |
| 5 | Angola | 33 |

**Waar wil SA werksoekers gaan werk**

| RANG | LAND | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 1 | VSA | 50 |
| 2 | Brittanje | 47 |
| 3 | Australië | 37 |
| 4 | Nieu-Seeland | 34 |
| 5 | Kanada | 32 |

Bron: Boston Consulting Group

Grafika24

**1.17 Waar wil die meeste Suid-Afrikaanse werkers graag gaan werk? (1)**

**1.18 Op hoeveel mense is hierdie studie gedoen? (1)**

**1.19 Die volgende stelling is ONWAAR.**

**Hierdie studie is net op Suid-Afrikaners gedoen.**

**1.19.1 Haal EEN woord aan om dit te bewys. (1)**

**1.20 Watter twee lande se mense wil die graagste in Suid-Afrika kom werk? (2)**

**1.21 Watter persentasie mense wil graag in Australië gaan werk? (1)**

**1.22 Voltooi die volgende sin. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.**

**32% Suid-Afrikaners wil graag in _____ gaan werk. (1)**

**1.23 Wie het hierdie inligting aan ons bekend gemaak? (1)**
**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: Moenie dat boelies jou onderkry nie.

- Som die wenke vir "Moenie dat boelies jou onderkry nie" in SEWE sinne op.
- Skryf elke wenk in 'n volsin oor.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Skryf die sinne puntsgewys van 1-7 onder mekaar neer.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

1. Skole en ouers sê dikwels hulle is magteloos teen boelies. Daar is raad. Boelies wil hê die kinders wat geboelie word, moet reageer. Dit is dus 'n goeie idee om die boelie te ignoreer. As boelies nie 'n reaksie kry nie, sal hulle die slagoffer moontlik uitlos omdat hulle nie die reaksie kry wat hulle soek nie.

2. Boelies soek nooit met hul eie portuur moeilikheid nie. Kinders wat geboelie word, moet probeer om vir hulself op te staan en met selfvertroue op te tree.

3. Slagoffers van boelies moet probeer om vir die boelie te sê om hulle met rus te laat. Dit sal hul selfbeeld versterk en ander sal respek vir hulle kry.

4. Boelies is gewoonlik só slim dat hulle hul slagoffers in die moeilikheid kan laat beland; dus moet slagoffers liewer nie terugbaklei nie, want ander mense kan dalk dink hulle het die probleem veroorsaak, nie die boelie nie.

5. Kinders wat geboelie word, moet 'n grootmens daarvan vertel, al is hulle dikwels te skaam om hulp te vra. Wanneer die geboelie tot liggaamlike beserings lei, moet 'n grootmens se hulp beslis ingeroep word.

6. Dit kan help om nuwe vriende te maak en nuwe belangstellings te

ontwikkel, weg van die boelie af. Sukses wat hier behaal word, lei tot selfvertroue om jou te verdedig teen boelies.

7. Onthou, dis nie jou skuld as 'n boelie jou lewe ongelukkig maak nie. Boelies is lafaards en doen dit omdat dit hulle beter laat voel. Die probleem is by hulle.

(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 14 Mei 2014)

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en volg die instruksies daarna.

**TEKS D**

**3.1 Waarom, sal jy sê, is die blokkie wat "AFRIKAANS" sê, groter as die ander blokkies? (1)**

**3.2 Skryf die volgende sin oor in die korrekte *WOORDORDE*.**

**Afrikaans ('n fantastiese taal, nog altyd, vir almal, was). (1)**

**3.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**"Kletsrym" beteken**

**A. om baie te praat.**
**B. om op jou selfoon te klets.**
**C. om versies vinnig op te sê.**
**D. om versies te sing. (1)**

**3.4 Vul die *PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD* in die oop spasie in. Skryf net die nommer en letter neer.**

**Jy sal ___ gate uit geniet by 'n Kunstefees. (1)**

**3.5 Vul die korrekte *VRAAGWOORD* in die volgende sin in. Die antwoord op die vraag word gegee om jou te help. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**___ kan jy meer inligting oor hierdie advertensie kry? *Gaan na AFRIKAANS.COM* (1)**

**3.6 Skryf die volgende sin oor in die *VERLEDE TYD*.**

**Ek staan tydens 'n musiekfees vroeg op. (1)**

**3.7 Gee die *INTENSIEWE VORM* vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Almal wil (baie graag) na Afrikaanse stories luister. (1)**

**3.8 Vul die *VERSAMELNAAM* in die oop spasie in.**

**Tydens 'n kunstefees kan jy altyd 'n ___ tee saam met 'n bekende geniet. (1)**

**3.9 Kies die korrekte woord. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**"Wanneer jou emosie laag lê" beteken (jy voel gelukkig/jy voel ongelukkig).** **(1)**

**3.10 Voltooi die volgende sin deur die korrekte *VOORSETSEL* in te vul.**

**Die kunstefees begin ___ nege-uur elke oggend.** **(1)**

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**Die volgende vrae is die Strokiesprent gebaseer. Volg die instruksies.**

**TEKS E**

**4.1 Skryf die volgende sin oor in die *TOEKOMENDE TYD*.**

**Leroy wil vandag baie geld wen.** **(1)**

**4.2 Vul die *<u>VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING</u>* in die oop spasie in. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**John se vrou lyk (tevrede) as Leroy se vrou. (1)**

**4.3 Skryf die volgende sin oor in die *<u>ONTKENNENDE VORM</u>*.**

**Óf Leroy, óf John gaan hulle geld mors. (1)**

**4.4 Skryf die volgende sin oor in die *<u>LYDENDE VORM</u>*.**

**Leroy het verlede jaar baie geld verloor. (1)**

**4.5 Kies die korrekte *<u>BETREKLIKE VOORNAAMWOORD</u>* in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.**

**Die vrou met (wat/wie) Susan praat, is ongelukkig. (1)**

**4.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.**

**Om "oop kaarte" te speel, beteken om**

**A. eerlik te wees.**
**B. jou kaarte op die tafel te sit.**
**C. jou kaarte vir almal te wys.**
**D. jou kaarte vir niemand te wys nie. (1)**

**4.7 Hoe wys John se vrou dat sy nie gelukkig is nie. Kyk na haar postuur. (1)**

**4.8 Skryf die onderstreepte *<u>AFKORTING</u>* voluit neer. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Leroy het <u>a.g.v.</u> sy domheid, al sy geld verloor. (1)**

**4.9 Gee die *<u>MEERVOUD</u>* vir die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Leroy het al 'n paar (hemp) by so pokerwedstryd verloor. (1)**

**4.10 Hoeveel mense kan jy in hierdie prentjie sien? Skryf die getal in woorde uit. (1)**

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

**Lees deur die artikel en voer dan die instruksies uit.**

**TEKS F**

5.1 Skryf die volgende sin in die <u>*INDIREKTE REDE*</u> oor.

Sandy sê vir Victor: "Jy moet gereeld met jou hondjie stap." (1)

5.2 Vul die ontbrekende <u>*LEES-EN-SKRYFTEKENS*</u> in die volgende sin. Skryf die sin oor.

deon se ek is baie lief vir my klein hondjie (1)

5.3 Voltooi die volgende <u>*VERGELYKING*</u>. Skryf net die nommer en antwoord neer.

My klein hondjie is so dapper soos 'n ___. (1)

5.4 Gee die <u>*AFKORTING*</u> vir die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

By die <u>volgende</u> veearts besoek, kry my hondjie 'n inspuiting teen hondsdolheid. (1)

5.5 Gee die <u>*VERKLEINWOORD*</u> vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die honde speel met 'n klein (bal). (1)

5.6 Verbind die volgende sinne met die <u>*VOEGWOORD*</u> in hakies. Skryf die sinne oor.

Klein hondjies het 'n kort aandagspan. Jy moet hulle net eenvoudige bevele gee. (derhalwe) (1)

5.7 Skryf die volgende sin oor in die <u>*VERLEDE TYD*</u>.

Ek speel met my hondjie dan voer ek hom. (1)

5.8 Vul die <u>*LEES-EN-SKRYFTEKENS*</u> in die volgende sin.

leer jou hondjie die volgende bevele sit af bly (1)

**5.9 Skryf die volgende sin in die *INDIREKTE REDE*.**

**Die meisie vra: "Mag ek met die hondjie hardloop?" (1)**

**5.10 Skryf die volgende sin in die *LYDENDE VORM*.**

**Paul sal sy nuwe troeteldier in die badjie bad. (1)**

**TEKS G: STROKIESPRENT**

**Bestudeer die prentjie en voer dan die instruksies uit.**

**5.11 Vul die *PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD* in die oop spasie in. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**George sien ___ vrou se tande is in die kat se mond. (1)**

**5.12 Vul die *VERSAMELNAAM* in die oop spasie in. Skryf die nommer en die antwoord neer.**

**Marinda gaan so kwaad wees, George sal vir haar 'n ___ blomme moet koop. (1)**

5.13 Gee die <u>*INTENSIEWE VORM*</u> vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Marinda sal haar tande (baie skoon) moet was. (1)

5.14 Skryf die volgende sin oor in die <u>*ONTKENNENDE VORM*</u>. Beantwoord die vraag.

Het Marinda al die kat gesien?

Begin so: Nee, ... (1)

5.15 Skryf die volgende sin in die <u>*TOEKOMENDE TYD*</u>.

Die kat het 'n groot glimlag op sy gesig. (1)

5.16 Voltooi die <u>*VERGELYKING*</u>. Skryf net die nommmer en die antwoord.

In hierdie huis moet jy so geduldig soos ___ wees. (1)

5.17 Kies die korrekte woord. Skryf die nommer en die woord neer.

George is besig om die (nuuspapier/koerant) te lees. (1)

5.18 Hoe kan ons aan George se gesig sien hy het geskrik? Noem twee dinge. (2)

5.19 Gee die <u>*OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING*</u> vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Dit was seker die (vinnig) wat George opgespring het. (1)
[20]

TOTAAL AFDELING C: [40]

SOMTOTAAL: [80]